

# René Marais

## Jeanette Ferreira in heroënskou geneem

Jeanette Ferreira se debuutbundel, *Waar een mens saam is*, het gedurende 1980 by Perskor verskyn. Dit bevat gedigte van wisselende gehalte oor 'n verskeidenheid temas. Soos die bundeltitle te kenne gee, het die gedigte feitlik deurgaans 'n persoonlike inslag. Die bundel word in vier afdelings verdeel wat deur 'n enkele gedig voorafgegaan word, en ofskoon mens op grond van die plasing van hierdie gedig, "En nog het haar oë", sou verwag dat dit 'n openingsgedig moet wees, blyk dit ná die lees van die bundel dat dit eerder 'n soort epiloog of terugskouing is, soos later aangetoon sal word. Die ordening van gedigte in die eerste en tweede afdeling kom arbitrêr voor: eersgenoemde bevat gedigte oor die liefde (aan sowel die begin as die einde van die afdeling), gedigte oor eie angs, die kindertyd, gedigte met 'n religieuse inslag en/of verwysingsveld en gedigte oor die self. Dieselfde temas kom ook in die tweede afdeling voor, met groter prominensie aan die religieuse en byvoeging van gedigte oor die establishment en oor apartheid. Die derde afdeling bevat vier liefdesgedigte met 'n doodsmotief en die vierde afdeling bevat slegs twee "sakrale verse" oor (die volk) Israel. Die vier afdelings toon geen duidelik progressie ten opsigte van mekaar of ten opsigte van die bundeltitle nie, sodat dit lyk asof die indeling nie funksioneel is nie.

Binding word egter wel deur bindingsprinsipes soos taal- en woordontginning, literêre, volkslied- en religieuse verwysings en die gebruik van die mandalamotief bewerkstellig.

Die geskakeerdheid van Jeanette Ferreira se taalidroom is opvallend. Sy maak enersyds gebruik van die gewone spreektaal met sy potpourri van Engelse woorde en uitdrukkings (soos in die eerste gedig) en andersyds van 'n ouer streek- en spreektaal (soos in "Om te glo" en "Veekraal, 30 Oktober"). Sodoende word twee uiteenlopende wêreldes gekontrasteer en teen mekaar afgespeel: die ouer, plattelandse wêreld van die kindertyd teenoor die hedendaagse stads-wêreld waarin sy as volwassene leef.

Dit is veral in haar gebruik van 'n met Engels deurspekte Afrikaans, wat André P. Brink as "minder boeremusiek, meer hillbrow-rock"<sup>1</sup> bestempel, dat Jeanette Ferreira 'n bydrae lewer tot 'n nuwe tendens of vorm van taalontginning wat reeds in die poësie van digters soos Stephan Bouwer (in *Portrette, private dele & kanttekening*)<sup>2</sup>, Wessel Pretorius (in *Ruimte-Ark-Kolonie*)<sup>3</sup> en Sheila Cussons voorgekom het. Jeanette Ferreira besig dit met 'n eie tongval en in 'n eie idioom. Daar is 'n pragtige, liriese ondertoon in "onder dakke en sterre en stelsels skitter soet 'n komposisie squares/die nag sing sy ketting god se mechanic ghries en tune/hoor die kleine nachtmusik" ("En nog het haar oë"), terwyl "hi man/hi uur" ("Cometh the man cometh the hour") daarenteen selfversekerd modern en tog alledaags is. Dit was met verbasing dat ek Johann en Ronél Johl se kritiek aangaande hierdie taalgebruik – in twee afsonderlike resensies – gelees het. Johan Johl noem dit "die onsuksesvolle paring van alledaagse spreektaal/jongmenstaal (vir effek deurspek met Engels) en skryftaal (soms, verhewe, soms hooggestemde vlugte)"<sup>4</sup> en Ronél Johl noem dit 'n "pretensieuse opstandige 'mixing van the Taal'"<sup>5</sup>. Ek kan nie anders as om hierdie twee uitsprake te bevraagteken nie – laasgenoemde is in elk geval op sigself 'n baie groter taalgruwel as wat hulle Jeanette Ferreira ten laste wil lê! Waar die poësie wel geforseerd voorkom, is dit myns insiens veel eerder aan onwerklike (en ongeslaagde) beeldgebruik (soos in "met goedgekose steke/van jou melkerige draad/het jy met jou blinde naald/haar tenger rugstring vasgenaai aan hierdie growwe aarde" in die gedig "Naaldewerk") as aan taalvermenging te wyte. Johann Johl motiveer sy uitspraak soos volg: "Die inbring van Engels lyk onfunksioneel, omdat dit nie oral inval by die loslittigheid van toon nie; dus lyk dit na 'n geforseerdheid en meer nog: na 'n onvermoë. In die opset van die digteres moet die vers as geheel los, gemaklik en

jeugdig wees. En veral sonder smuk soos 'nihilismes', 'mandalas', literêre verwysings (bv. na D.F. Malherbe, e.a.)." Na watter "opset van die digteres" verwys mnr. Johl? En ten opsigte van die mandala sal later aangetoon word dat dit 'n struktureel én simbolies belangrike rol in die bundel speel. Ronél Johl eggo laasgenoemde stelling van Johann Johl in ander woorde: "Dit alles die egoïsme, die taalvermenging, die verwysings – protesteer vanweë die pretensie daarvan, teen 'n waaragtige inhibisielose non-konformisme." Waar en wanneer het Jeanette Ferreira haar tot 'n "inhibisielose non-konformisme" verbind? Hierdie twee resensente (wie se resensies verbasende ooreenkomste toon) kan die bundel dalk met vrug weer lees. Maar dit daar gelaat.

Die aansluiting by die "ouer" streek- en spreektaal in die gedig "Veekraal, 30 Oktober", in 'n vers soos "og daar's wind oor die heuwelrug" en in "die oumense vertel" versterk die milieu van daardie wêreld. Dit geld ook vir die gedig "Koort vir geskeides", waarin woorde soos "koort", "spierewit", "sandaltjies" en "strêpse" voorkom, wat 'n paar dekades gelede nog algemeen in die spreektaal, veral op die platteland, gebruik is. Die gebruik van sulke woorde transposeer 'n gedig as't ware terug na die verlede sonder dat dit nodig is om die transponering deur gebruik van die verledetydsvorm aan te dui.

Taalverskeidenheid kom ook in die fonetiese spelling van woorde soos "bolangslag" (p. 33), "hys" (p. 23) en "lipstiek" (p. 45) voor. Hierdie gebruik word wel soms hinderlik, byvoorbeeld in die woord "bijoekoop" (p. 45) – waarskynlik vanweë dié se onaansienlike sigbeeld. "Checkacheckacheckasbande" (p.26) is klanknabootsend van die bekende supermarkreklamewysie en sluit as sodanig by die hedendaagse verwysingswêreld aan. Voorbeelde van klankassosiatiewe en klankgeneratiewe woordgebruik is volop: pa se "vuuroë (tydens vier-oë)" (p. 45), die slotreëls van "Kanttekening vir 'n monnik": "waar son sonder word/en wond wonder" (p. 24) en in die gedig "Ekologie", wat geheel-en-al op hierdie procédé gebaseer is, soos duidelik blyk uit die reëls "julle vestig in bevestigings/julle skiet beskut julle grofgeskut/julle stel agter instellings" (p. 50).

Verwysings speel 'n beduidende rol in *Waar een mens saam is*. Daar is verwysings na volksliedjies in "marietjie-maraaia-maryn" (p. 11), wat verwys na die Afrikaanse volkslied "Marietjie, Maraia, Maryne", met bewoording deur Eitemal op die wysie van die Duitse lied, "Die Lore am Tore", laasgenoemde met bewoording deur H.C. Boie<sup>6</sup>. "Help my goeie buurman wees tog net nie boos" in die gedig "Kouend aan die kou" verwys na die bekende Franse kindliedjie "Au clair de la lune", wat deur C.G.S. de Villiers van Afrikaanse woorde voorsien is en as "In die helder maanskyn" bekend staan. Die gedig verwys egter na 'n "buurman", terwyl daar in die lied na 'n "buurvrou" verwys word<sup>7</sup>. "Huis paleis pondok varkhok" verwys kennelik na die bekende uittelrympie, en dit sluit by die "volkse" sfeer aan wat veral in die kindertydgedigte vergestalt word. Die verwysing na Giorgio de Chirico betrek die wêreld van die skilderkuns, en die poësie word betrek in die versreël, "'n ster kon sien en dit kon glo" ("Oh mrs ples"), wat D.J. Opperman se "Kersliedjie" dadelik voor die gees roep. Hierdie verwysing word tot 'n eie gedig uitgebou in "Ek se nou vir jou": dit word 'n Kersliedjie vir ons eie tyd, waarin die oue, die moeilike puber en die student saam met die herders die reis na Bethlehem aanpak, "want hulle het 'n ster gesien en dit geglo" (p. 35). Talle Middelnederlandse skrywers het "Kersliedere" geskryf wat op die Kersverhaal van die geboorte van Christus gebaseer is, 'n gebruik wat in die latere Nederlandse letterkunde bly voortleef het, soos in J.H. Leopold se "Kerstliedje". In die polemie rondom Opperman se "Kersliedjie" het T.T. Cloete aangetoon dat Opperman se vers 'n voortsetting van hierdie tradisie is en dat dit baie na aan M. Nijhoff se gedig "De Kinderkruistocht"

staan<sup>8</sup>. Op dieselfde manier is Jeanette Ferreira se gedig "Ek sê nou vir jou" 'n voortsetting van die Kersliedtradisie en 'n modernisering en verstedeliking van Opperman se "Kersliedjie"<sup>9</sup>

Religieuse verwysings, soos in "Ek sê nou vir jou", kom deurlopend in die bundel voor en skakel met verskeie ander temas, naamlik met die individualisme/eensaamheid, die liefdesverhouding en die kunstenaarskap. Dit tree dus as bindingsprinsipe op, en in hierdie konteks is daar wel progressie, oftewel 'n bepaalde verloop, merkbaar ofskoon dit nie met die ordening van gedigte in die bundel saamhang nie.

'n Groot aantal Bybels-religieuse verwysings kom voor: die bundel-titel en die eerste gedig verwys na Christus se uitspraak in Matteüs 18:20, naamlik "Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde" en kan as 'n ironisering van die saamwees van een persoon, d.w.s. die een-saamheid, beskou word. Dis egter nie slegs 'n ironisering nie, aangesien die spreker ook in hierdie gedig heelheid, en gevolglik numinositeit, bereik het. Ander Bybelse verwysings sluit die volgende in: "amen sê my siel daarop" ("Toe die spieël breek"), die verwysing na Absalom, seun van Dawid, in "Absalom Superstar" (wat terselfdertyd ironies na die pop-opera "Jesus Christ Superstar" verwys), die gedig "Maaltyd: eerste aand", wat na sowel die Joodse Pasga as die Eerste Avondmaal verwys, "Onse Vader" en "Skrywer bpk", wat na Christus se intog in Jerusalem én na sy kruisiging en die Ewige Lewe verwys, en "Die winter staat hoog oor ons va'jaar", waarin die Christelike seëngroet aangehaal word.

Verskillende vertakkinge van die Christelike godsdiens word betrek: die Rooms-Katolieke godsdiens in "Kanttekening vir 'n monnik", en die Calvinisme in "Oh mrs ples". Ander godsdiens wat betrek word, is die Middeleeuse geloof aan heksery in "Moenie aanraak nie: kyk", Oosterse godsdiens in die woorde "fetisvoetjies"<sup>10</sup> en "die tadasana en die vrksasana" ("Oh mrs ples") en die Joodse geloof in "Skrywer bpk" en "Twee sakrale verse vir dié wat hou van Barokdansen".

Die numinositeit van die mandala of heelheidsimbool vind hierby aansluiting. Dit word voorgestel deur middel van 'n sirkel wat in vier dele verdeel is en hou regstreeks met selfverwesening verband. Die Naskapivolk gebruik hierdie motief om 'n versteurde innerlike balans te herstel en die Oosterlinge glo dat die mandala innerlike vrede meebring. Hulle beskou die mandala as uitdrukking van 'n geordende, betekenisvolle bestaan. Dié simbool speel ook 'n belangrike rol in C.G. Jung se dieptesielkunde en kom ná die voltrekking van die (persoonlike) individuasieproses na vore as die simbool wat ook die bereiking van numinositeit vergestalt: "The production of mandala patterns became for Jung a symbolic expression of having reached a new synthesis within himself, a conjunction of conscious and unconscious, of phantasy and reality, of thought and feeling. Because this experience was so intensely important to him, he felt obliged to describe it in religious terms, and so the mandala became a kind of symbolic representation of the archetype of God."<sup>11</sup>

Johan van Wyk het in sy resensie van *Waar een mens saam is* die klem laat val op die vervreemding en eksistensiële angs, met ironiese gebruik van die mandala en vrees vir die vaderfiguur<sup>12</sup>. Ek wil egter probeer aantoon dat die mandala in groter samehang as heelheid- en numineuse simbool in die persona se ervarings in die kindertyd en haar verhouding met die geliefde 'n funksionele rol speel wat nie net 'n ironiese funksie het nie, maar dat daar sprake is van 'n kringloop wat in die kindertyd begin, deur die liefdesverhouding voortgaan en in die latere eensaamheid voltooi word.

Die persona verwys in enkele gedigte na 'n gelukkige, onskuldige en suiwer kindertyd toe hulle "uit dopbekertjies melk gedrink (het)/ tot ons versadig was" ("Moenie aanraak nie: kyk") en hulle "nog

minirokke kon dra/wat sag kon skuif oor onskuldige bruin bobentjies/...toe ons soveel kon glo en hoop" ("Om seisoene te bedink"). Sy kon wye strooihoede dra, 'n ster sien en dit glo, en die son het haar opgepas en heilig gemaak soos 'n hoed ("Oh mrs ples"). Haar kindertyd staan in die teken van die mandala, wat sy saam met haar maagdelikheid verloor het, want in dieselfde gedig word gesê dat sy daardie nag "die son 'n vrot lemoen sien verkrimp het". In "Veekraal, 30 Oktober" word die vernietiging van die vrou se mandala regstreeks met die man se koms in verband gebring: die veekraal (mandalasimbool) het verwaai dié nag toe haar pa gebore is en haar ouma – sy ma – het haar dieselfde nag nog doodgebloe; en "toe die eerste man my heupies kneus/ kon ek eers weet/ hoe hard dié man se weg is/en hoe bloedig".

In die verhouding met haar geliefde word 'n "nuwe reis" begin, en nie sonder verwagting nie: "die ding/ tussen haar/en tussen hom/het alles begin/op 'n mandorlamat" ("Cometh the man cometh the hour"). Sy mandala en hare sny mekaar om 'n mandorla te vorm. Namate die verhouding vorder, word haar mandala egter deur die man gebreek: "vir wat klink jy my mandala deur/ gee my een helfte om op te teer" ("Vir die man met die ysgroen das"). Die man is oënskynlik onsimpatiek daarteenoor: hy kom "cazz" verby en gooi met die verbystapslag 'n perdehoef na haar "wat ek in my gedeel-de gedeel-te/in moet pas" ("Toe die spieël breek"). Sy voel dat sy in haar rol as vrou misluk het: "vir jou sou ek natuur-lik bittergraag 'n idille wou wees/ met voorhuis, kantkragie, hekelwerkje, sykousies de lot", maar voel haarself hoogstens "'n dienlike stuk/wat van tyd tot tyd/oordeelkundige sorg benodig//bejammerens- bewonnerens-bedonnerenswaardig" ("Cum laude"). Dit is dan geen wonder dat sy die huwelik ironies met 'n dieretuin vergelyk waarin die vrou haar pligte moet nakom en Miena en Maans Mens juigend in die diere se soogdierlike midde verwelkom word nie ("Dieretuin").

"want al hoe meer/begin die dreigende seisoene na 'n sirkel lyk/wat geduldig op sirkulêre voltrekking wag" ("Om seisoene te bedink"). Dit is gevolglik nie verrassend dat die huwelik in 'n "koort vir geskeides" eindig nie. Nou kan die vrou weer na haar eertydse kindertydsuiwerheid begin terugkeer. Daar is aanvanklik huiwering, en sy bid om die terugkeer van vroëre geluk: "God! sê Jy sal weer/die son oor my versplinter/sy heuningpot oor my kop laat lek" ("Maaltyd: eerste aand"). Dis opmerklik dat die religieuse nou duidelik na vore kom en dus verband hou met haar bereiking van heelheid en die bereiking van numinositeit in die mandala. Dit blyk ook nou dat die kunstenaarskap en die numineuse wedersyds met mekaar verband hou: in "'n Straat vir giorgio de chirico" het sy dié skilder se "soekgang deur steriele straatjies gevolg: tot ek seker was/en toe bly my hoela-hoep gegryp/en met die voltooide sirkel/opgetoë tot jou gekom". Nou word "geloof/hoop/liefde" en die kunstenaarskap in "Skepping" met mekaar in verband gebring wanneer Taal in terme van die Bybelse skeppingsverhaal beskryf word: "daarop het die kunstenaar sy pet teruggestoot/en kon hy sien dat die werke van sy hande goed is//want niks/is soos die woord so uitgesproke nie". Ook deur die skrywerskap bereik die persona dus weer heelheid en numinositeit en kan sy sê: "onse vader/ gee my vandag my daaglikse self/want daarvan sal ek leef/en bly word//oor die self wat alleen geword het/en daarmee vrede het" ("Onse vader").

Dit is nou duidelik dat die openingsgedig, "En nou het haar oë", as 'n epiloog beskou kan word, want die mens/vrou wat vrede met haarself het en numinositeit bereik het, kan in haar eie naam saam wees in afwagting op die bereiking van eenheid en heelheid met die geliefde ná die dood, want daar word nie op 'n hopelose noot van die liefdestema afgestap nie. Die loon van die aartssonde liefde is die dood, volgens "Dodelike perspektief", maar in en na die dood sal man en vrou mekaar weer vind: "jou ander substans sal èrens wag/hand oor die oë turend/langs ons pël met die swart pak/...dan sal ek laggend by jou kom staan los hom sal ek sê en inhaak by jou/hier's ek nou" ("Wanneer ek van weë"). Hulle sal albei weer heelheid bereik, maar hierdie keer nie weer as twee mandalas wat

saam 'n mandorta vorm nie. Hulle sal saamsmelt om 'n enkele, ronde mandala te vorm, soos dit uit die gedig "Die laaste lag is bly en oop lag" blyk:

die allerlaaste  
voltooiing van die lewe se merry-go-round  
is die viriele jongman  
dood  
wanneer hy my geneem het  
sal ek heel tot jou kom  
volmaak vir jou kom  
tevrede in die kring  
van jou halwe mandala  
inskuif  
laggend onder die sterre lê  
en bloedige ballonne  
aan ons niksvermoedende grafstene bind  
wat tot 'n teken sal dien  
die establishment lag nooit laaste nie

*Waar een mens saam is* is 'n waardige eerstelingbundel wat, ondanks die tekortkominge, veel belofte inhou van toekomstige groei.

#### Voetnote

1. Brink, André P., Poësie 1980: Swaarweer en kleinwind, in *Standpunte 154*, derde reeks, jg. 34, nr. 4, Aug. 1981, p. 33.
2. Bouwer, Stephan, *Portrette, private dele & kanttekeninge*. — Kaapstad: Human & Rousseau, 1980.
3. Pretorius, Wessel, *Ruimte-Ark-Kolonie*. — Johannesburg: Perskor, 1980.
4. Johl, J., Debuut met belofte maar sonder eie stem, in *Die Volksblad*, 24 Julie 1980, p. 2.
5. Johl, R., Oorbekende stof in kitsch-versreëls, in *Die Transvaler*, 29 Sept. 1980, p. 9.
6. *Nuwe FAK-sangbundel*. — Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk., 4e druk, 1966, lied nr. 165. Boie se Duitse bewoording is gebaseer op die oorspronklike Engelse bewoording van "Sally in our Alley" deur H. Carey, 1715. Hierdie woorde is deur A.G. Visser in Afrikaans vertaal as die lied "Sannie" (*FAK*, lied nr. 165a).
7. *Nuwe FAK-sangbundel*, lied nr. 143.
8. Cloete, T.T., Opperman se "Kersliedjie" en Nijhoff se "Kinderkruisocht", in *Tydskrif vir Letterkunde*, nuwe reeks, jg. XII nr. 4, Nov. 1974, pp. 8–11.
9. Sien ook Snyman, N.J., 'n Polemieë rondom "Kersliedjie", in *Tydskrif vir Letterkunde*, jg. XII nr. 4, Nov. 1974, pp. 12–23, oor transposisie van gewens in die letterkunde.
10. Sien ook Wessel Pretorius se gedig in *Ruimte-Ark-Kolonie*, *op. cit.*, p. 32, waarin daar na "'n skoefetisjies" verwys word.
11. Storr, A., *Jung*. — Glasgow: Fontana/Collins, 1977, pp. 118–119. Sien ook Cirlot, J.E., *A dictionary of symbols*, vir 'n definisie van "mandala".
12. Van Wyk, Johan, Dié intensiteit het geduld, moeite nodig, in *Die Vaderland*, 29 Mei 1980, p. 15.

*Met erkenning aan SENSAL vir resensies wat deur hulle verskaf is.*

---